DIE KERKBODE 21 FEBRUARIE 1973



MAG EK VIR HOM STEM ?

— *Prof. Dr. W. D. Jonker*

Links: *„Die meeste bewoners van die middestad is op die deurtog êrens vandaan en êrens heen."*

Onder: *Prof. Jonker van die Stellenbosse Kweekskool wat hier oor 'n praktiese probleem skryf.*

NAMATE DIE KERK meer en meer stadskerk word, neem die probleme rondom die verkiesing van kerkraadslede toe. Die gelukkige toestand van die platteland, waar daar meestal voldoende geskikte persone is om in die kerkraad te dien, en waar almal aan almal bekend is, sodat dit nie moeilik is om te weet wie in die kerkraad gekies kan word nie, bestaan in die stedelike gemeente nie meer nie. Daar is wel stedelike gebiede waarvan die inwoners taamlik permanent gevestig is en die wisseling minimaal genoem kan word, waar iets van die plattelandse toestand voortduur. In die werklike middestad of in ander dele van die stad waar die wisseling van die inwoners hoog is, kry ons egter deurgaans groot probleme daarmee om 'n redelike getalsterkte in die kerkraad te handhaaf.

Nou is dit oor die algemeen al waar dat daar in hierdie tipe stadsgemeente 'n sekere armoede bestaan aan dié soort lidmaat wat in die meeste gemeentes in die kerkraad dien: die gevestigde middestandsman wat 'n goeie, vaste betrekking het en daarom die toonbeeld van stabiliteit is. Dié soort mense woon in die voorstede. Hulle is die gesinsmanne wat huise van 'n redelike grootte moet bewoon. Vir hulle is die middestad of ander gebiede met woonstelle en skakelhuisies onaanvaarbaar. Die regte middestadsgemeente het nie baie van hierdie soort mense nie. Dit is al één van die redes waarom dit so moeilik gaan om daar 'n kerkraad

op te bou. Die soort mens wat in n woonstel woon, is dikwels die mens wat nog nie, of nie meer gevestig is in die gewone sin van die woord nie. Daar is uitsonderinge. n Mens sal jou verbaas oor hoeveel mense in die middestad dekades lank in dieselfde woonstel kan bly woon en hoe gevestig hulle daar kan wees. Tog bly dit die minderheid. Die meeste bewoners van die middestad is op die deurtog êrens vandaan en êrens heen. Jy weet nooit hoe lank hy daar gaan bly lie. Hy vestig hom nie werklik nie. Hy is dus nie die soort man wat ons gewoond is om in die kerkraad te kies nie.

Die Regte Man op die Regte Plek

Intussen is dit egter duidelik dat die middestadsgemeente geen ander keuse het as om juis hierdie soort mense in die kerkraad te kies nie. Daar is eenvoudig nie genoeg gevestigde manne om 'n kerkraad uit saam te stel nie. Ons is dus verplig om diegene wat vir 'n betreklik kort periode aan die gemeente behoort, in die kerkraad te kies. Dit is ook n baie gesonde saak. Baie van diegene wat só deur 'n middestadsgemeente heen trek, is geestelik nie minder geskik om in 'n kerkraad te lien as sy meer gevestigde broeder van die voorstad nie. Bowendien gee hierdie inskakeling by die ampswerk van die kerk aan hom 'n stabiliteit wat hy juis in die middestad vir sy geestelike lewe uiters nodig het. Hy is ook die mees geskikte persoon om uitgestuur te word in sy eie omgewing wat bewoon word deur mense soos hy.

Die ondervinding leer dat daar ook in die middestadsgemeentes met hulle sterk wisselende lidmate, tog 'n groot aantal manne is wat nét: seën in die kerkraad kan dien, al is dit dan net tydelik. *Ons grootste probleem is egter hoe om hierdie manne te vind.* Dit vra 'n groot mate van onderskeidingsvermoë om hulle tussen die ander te ontdek. Elke middestadsgemeente ken sy verhale van verkeerde mense wat in die kerkraad gekies is, tot groot skade van die kerk en die Koninkryk. Baie van die mense in die middestad het 'n geskiedenis agter hulle. Die ondervinding het geleer dat 'n mens uiters versigtig moet wees om nie sommer iemand in die kerkraad te kies, net omdat hy enkele kere in die kerk was nie. Daar moet eers so deeglik as moontlik vasgestel word of 'n persoon wel geskik sal wees. Voordat 'n man in die kerkraad gekies word, moet die kerkraad eers 'n redelike mate van sekerheid kan hê dat dié man geestelik toegerus is vir so 'n taak, gewillig is om dit te aanvaar en bereid is om werklik tyd en kragte daaraan te bestee – anders is dit onverantwoordelik om hom te kies.

Hoe Kies die Kerkraad uit Onbekendes?

Dit is juis op hierdie punt dat die kiesing van kerkraadslede in die middestad ook organisatories ander maatreëls vereis as dié op die platteland of in die gevestigde voorstad. Dáár ken die mense mekaar in 'n groot mate, sodat die kerkraadslede maklik name op die groslys kan kom plaas tydens die gekombineerde kerkraadsvergadering en daarvan sékér kan wees dat die persone wat deur hulle genomineer word, nie alleen aan hulleself nie, maar ook aan die meeste ander kerkraadslede oor 'n redelike lang tydperk bekend is. Elkeen weet van dié mense of hulle beantwoord aan die vereistes vir 'n kerkraadslid of nie. *Maar in die middestadsgemeentes is dit juis nie die geval nie.* Wanneer daar geen besondere maatreëls vir die kiesing van kerkraadslede getref word nie, sodat kerkraadslede dáár nog volgens die patroon van die platteland gekies moet word, stuur dit af op 'n posisie van skaakmat.

Vireers kan 'n kerkraadslid wel 'n naam op die groslys kom plaas, maar die ander lede van die kerkraad ken dié man nie goed genoeg om met 'n goeie gewete vir hom te stem nie. Waar die reglement van orde bepaal dat alle kerkraadslede moet stem, kom hulle dikwels in groot probleme by die vraag: Mag ek vir hom stem? Daarby kom nog die probleem dat 'n kerkraadslid op sy eentjie dit dikwels nie waag om 'n naam van iemand op die groslys te plaas, as hy weet dat hy die per-

soon self nie goed genoeg ken en 'n bietjie oor hom navraag gedoen het nie. As enkeling kan hy egter te min daaraan doen. Die verbod om mense tydens 'n verkiesing te bespreek, bring boonop mee dat daar ook nie inligting verskaf en argumente voor en teen na vore gebring kan word nie. Dit alles bring 'n toestand van frustrasie rondom die kiesing van kerkraadslede in die middestad. As dit nou ook nog gebeur dat 'n baie groot persentasie van die mense wat só gekies word, eenvoudig bedank, omdat hulle gekies is sonder dat hulle oor die saak geraadpleeg is en kon verduidelik dat daar gewigtige redes bestaan waarom hulle nie kán aanneem nie, ly dit tot moedeloosheid in die kerkraad. Dit is eenvoudig 'n onmoontlike saak om in die middestad te probeer werk soos op die platteland. Dit is selfs onverantwoordelik.

Kommissie van Pre-Advies

Die ondervinding het geleer dat daar net één manier is waarop iets aan die saak gedoen kan word, en dit is deur 'n *kommissie van pre-advies* uit die kerkraad te benoem. Die taak van dié kommissie is om van alle kerkraadslede (en waar moontlik ook van gemeentelede) die name te ontvang van mense wat moontlik in die kerkraad kan dien. Die kommissie stel dan ondersoek in na die geskiktheid en gewilligheid van die genoemde persone om in die kerkraad te dien en lê aan die kerkraad 'n lys voor by die volgende verkiesing. Die voordeel daarvan is dat die werklike potensiaal van die gemeente beter benut kan word, dat die aantal bedankings tot die minimum beperk word en dat die kerkraadslede met 'n groter mate van vertroue kan stem vir diegene wat op die groslys kom.

Natuurlik is daar ook argumente teen die kommissie van pre-advies aan te voer. So kan die vraag gestel word of só 'n kommissie nie te veel mag in hande kry en dus ook bepaalde mense uit die kerkraad kan uithou, net omdat een of ander lid van die kommissie nie van hulle hou nie. Alles kan natuurlik gebeur in ons sondige wêreld, maar hierdie probleem kan, selfs waar dit opduik, in 'n groot mate uitgeskakel word deur te bepaal dat kerkraadslede die vryheid het om die groslys op die vergadering self aan te vul. Die verstandhouding daarby moet natuurlik wees dat hulle dit nie aanvul met nuwe en onbekende name nie, maar met die name van mense wat aan die kerkraadslede bekend behoort te wees. Dit is immers meestal nie die onbekendes wat uitgehou sal word nie, maar die bekendes. Buitendien: deur 'n gereëlde wisseling van die lede van die kommissie van pre-advies kan die gevaar van 'n dominerende posisie van enkele manne maklik besweer word.

(Vervolg van bl. 232)

missie van pre-advies bepleit in die lig van die toestand in die middestadsgemeentes. Ons glo egter dat dit met groot vrug óók daarbuite gebruik kan word. Ook in die ander gemeentes ken mense mekaar dikwels nie so goed as wat ons dink nie. 'n Groter objektiwiteit by die kiesing van kerkraadslede is oral gewens. Wanneer voorstedelike gemeentes daarvan gebruik maak, sal hulle ontdek dat dit ook vir hulle groot voordele kan inhou.

'n Mens moet selfs verder gaan en vra of die tyd nie aangebreek het om 'n kommissie van pre-advies in te stel met die oog op die beroeping van predikante nie. In baie gevalle getuig kerkraadslede daarvan dat hulle vir predikante moet stem wat hulle glad nie ken nie. Hulle hoor maar 'n naam hier en daar, en in die onkontroleerbare gesprekke rondom 'n beroep vind daar tog ook 'n groot mate van beinvloeding plaas wat nie aan die daglig blootgestel word nie. Is dit dan eerlik om te maak asof ons alles net van die direkte leiding van die Heilige Gees tydens die stemprosedure verwag? Dit is veel beter om alles in die helder daglig te bring en aan 'n kerkraad die geleentheid te gee om deur middel van 'n kommissie van pre-advies (waarin die Ring minstens 'n woord kan meespreek) homself van alle nodige inligting te voorsien en die beroep só in verantwoordelikheid te laat plaasvind. Miskien skakel dit baie van ons probleme rondom die beroepstelsel nog uit ook.

Maar, om terug te keer tot ons uitgangspunt, hoe 'n mens ook mag twyfel oor die wenslikheid van 'n kommissie van pre-advies op ander plekke, vir die kerkraad van die middestad is dit 'n noodsaaklike hulp. Dit is te hope dat dié instelling, wat reeds in bepaalde provinsies met vrug beproef is, spoedig by alle provinsies ingevoer sal word.

★

Die Leiding van die Heilige Gees

'n Gewigtiger beswaar is vir sommige die vraag of die Heilige Gees nie aan bande gelê word deur so 'n reëling nie. Ons bid tog om die leiding van die Heilige Gees. Is dit dan reg dat ons soveel maatreëls tref en die sake self in so 'n groot mate reël? Behoort die lede van die kerkraad nie te vertrou op die leiding van die Gees wanneer hulle moet stem, selfs vir mense wat vir hulle onbekend is nie? Hierdie soort redenasie is gebore uit dié soort spiritualisme wat meen dat die werk van die Heilige Gees en ons werksaamheid dinge is wat mekaar noodwendig uitsluit. Hulle verwag dan van die Heilige Gees altyd iets buitengewoons, terwyl die Bybel ons tog werklik nie hierin voorgaan nie. Waarom sou dit nie die leiding van die Heilige Gees kan wees as ons ons verstand behoorlik gebruik en nugter alle dinge toets op die vraag of hulle in ooreenstemming met God se wil is nie? Lei die Heilige Gees ons dan nie óók deur aan ons 'n verskerpte insig te gee in wat nodig is om die sake van die gemeente so goed as moontlik te reël nie? Is dit nie 'n versoeking van die Heilige Gees wanneer ons van Hom verwag om ons te lei by 'n stemming oor kerkraadslede, as ons nie self alle moeite gedoen het om te weet watter mense volgens Gods geopenbaarde wil deur Hom geroep wil word nie? Ons is te geneig om te vergeet dat die Heilige Gees in alle dinge en oor alle dinge heen werk en dat Hy in sy leiding van die mens nie die mens se eie werksaamheid en verantwoordelikheid uitskakel nie, maar dit juis in diens wil neem. Hierdie argument kan dus eenvoudig nie gebruik word as argument teen 'n kommissie van pre-advies nie. Wanneer nie alleen dié kommissie nie, maar ook die hele kerkraad biddend en afhanklik van God met hierdie saak omgaan, mag ons verwag dat die Heilige Gees ons ook in hierdie werkprosedure Sy leiding sal gee.

Nie Slegs vir Middestad Nie

Ons het die bestaan van die kom-

(Vervolg op bl. 250)

DIE CHRISTEN SE PLEK IN DIE WÊRELD

(Vervolg van bl. 229)

Ons boodskap aan hierdie wêreld is nie ons goeie organisasie nie, ook nie ons diens wat ons aan mense lewer nie, maar dit gaan net om die koninkryk van God. Of die wolwe nou wil luister na hierdie boodskap of nie, ons sal voortgaan om hierdie boodskap aan die wêreld te bring.

Ons Moet Wag totdat God die Oorwinning Aankondig

In verse 12-15 word die oordeel gevel oor hulle wat Hom verwerp. Hier word God se wee uitgespreek.

As ons arbeid so vrugteloos lyk en die wêreld in die aangesig van die Christendom al meer en meer versleg, dan wens ons dat God wil ingryp. Soms word ons lus om self in te gryp as dit dan enigsins moontlik is. Maar ons moet onthou dat die oordeel Syne is, op Sý tyd en Sý wyse.

Intussen moet die lam maar wag en verduur onder die kloue van die wolf, al is dit swaar. Op sy tyd sal God Sodom verwoes en Sy koninkryk laat kom.

Soos vir sy dissipels, so stuur die Here ook vir ons soos lammers onder wolwe, maar ons mag nie bang word en ons mag nie moed verloor nie, want Hy wat gestuur het is getrou om ons by te staan.

Hy, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, het ook na die wêreld gekom soos 'n Lam onder wolwe. Oppervlakkig gesien het die wolwe die Lam oorweldig, maar uiteindelik sal die Lam tog seëvier en saam met Hom al sy kinders wat intussen die stryd moet stry in 'n onsimpatieke en vyandige wêreld.

Daartoe sal Hy ons die genade verleen. – *Amen.*

Lees: Lukas 10 : 1-24.

Sing: Ps. 118 : 1, 3; Ps. 46 : 1, 6; Gés. 58 : 6, 7. ★